**Maandag 12 November**

| Skrifgedeelte: Sagaria 3:1-10 | Fokusgedeelte: Sagaria 3:4-5 |
|---|---|

# Laat julle geestelik opbou om ’n heilige priesterdom te wees

Sagaria sien in die vierde gesig die hoëpriester Jesua wat voor die Engel van die Here staan. Jesua staan voor die Engel van die Here as verteenwoordiger van die hele volk. Dit was immers die taak van die hoëpriester. Hy het namens die volk offers aan die Here gebring. Nou staan hy ook hier, namens die volk, voor die Engel van die Here.

Hier staan hy om sy taak te verrig. Wat was hierdie taak? Dit was om die Here se Naam groot te maak en om offers aan Hom te bring wat vir Hom goed en aanneemlik is.

Onthou nou, Jesua is die hoëpriester – die verteenwoordiger van die volk by God. Dit is net so goed asof ek en jy daar voor die Engel van die Here staan. Eintlik staan ons elke dag só voor die Here, al besef ons dit nie altyd nie.

In 1 Petrus 2:5 kry ons die opdrag: “Laat julle as lewende stene opbou tot ’n geestelike huis, om ’n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Chris-tus vir God welgevallig is.”

Elkeen van ons is priesters wat voor God staan om vir Hom offers te bring. Wat ’n won-derlike voorreg. Jesus het vir ons sondes gesterf en weer ons priesteramp herstel. Deur die werking van die Heilige Gees is selfs die kleinste dingetjie wat jy vandag tot eer van die Here doen, vir Hom ’n mooi offer. Hy maak selfs ons trane deur Christus goed of wel-gevallig vir ons Vader.

Dien Hom elke dag met oorgawe.

*Sing: Psalm 91-1:1*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Middelburg Kaap)*